Sing vooraf staande: Psalm 27:5 (p. 127)

5 Verlate ’s ek van vader en van moeder; / tog weet ek dit: die HERE neem my aan.
U is, o HEER, my Vader en Behoeder, / wat my wil leer om op u weg te gaan.
Wil my dan langs die regte paaie voer, / omdat verspieders op my gange loer.
Verlos my van ’n wrede teenparty, / en wil my van die valse tong bevry.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:11 (p. 161)

11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met ’n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet bely ons voor God dat ons graag sy wil in gehoorsaamheid wil doen met Psalm 40:8 (p. 207)

Wet

Psalm 40:8 (p. 207)

8 Laat wie U soek, o God, my hulp in nood, / met almal wat u heil ervaar
in sielsangs en in doodsgevaar, / nou sing en sê: “Die HEER alleen is groot!”
Al is ek arm, ellendig, / Hy dink aan my bestendig. / Hy is die HEER by wie
daar redding is vir my. / U ’s tot my hulp naby. / My God, vertoef tog nie!

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 4:3 (p. 15)

3 Wil jul aan Hom ’n offer gewe? / Die offer wat die HEER aanskou,
is in opregtheid reg te lewe, / en Hom alleenlik aan te klewe, / op Hom alleen jul hoop te bou.
Hoe baie vra terneergeboë: / Waar vind ons ooit die ware goed?
Verhef oor ons u Vaderoë, / sien op ons neer in mededoë, / verlig ons hart en ons gemoed!

Skriflesing: Maleagi 1

Teks: Maleagi 1:6

’n Seun eer die vader, en ’n kneg sy heer. As Ek dan ’n Vader is, waar is my eer? En as Ek ’n Heer is, waar is die vrees vir My? sê die HERE van die leërskare aan julle, o priesters, wat my Naam verag! Maar julle sê: Waardeur het ons u Naam verag? (Maleagi 1:6 AFR1953)

Of jy die Here se kind is en of jy sy slaaf is – jy moet die nodige respek en eer aan die Here betoon.

Daar is dus geen verhouding waarin jy teenoor die Here staan waarin jy jouself kan verhef teen of teenoor die Here nie.

- Daar is ook nie so iets dat ons ons aanbidding teenoor God kan laat verwater,
- of daarin oneerlik raak en dan dink dat ons ons nie iewers gaan vasloop nie,
- of meen dat ons steeds aanspraak op God se liefde kan maak nie.

Kyk na die geweldige verskil tussen die eerste vyf verse en die gedeelte van vers ses af.

- Die profeet Maleagi begin die eerste gedeelte met ’n betuiging van God se liefde vir sy volk.
- Die rede daarvoor is dat God altyd eerste met sy liefde teenoor sy volk begin, maar verder ook, sodat die verwyte wat later volg soveel skerper moet uitkom.

Die profete het ook elkeen ’n eie manier om sy profesieë en sy prediking aan te bied. Maleagi se metode is om alles in ’n tweegesprek weer te gee. In vers 2 begin hy met sy dialoog as hy die Here eerste aan die woord stel.

- Eers sê die Here dat Hy die volk liefgehad het.
- Dan ontken die volk dit en vra die volk vir die Here waarin sy liefde dan nou eintlik bestaan het!
- Dan begin die Here met ’n baie bekende voorbeeld uit die geskiedenis, naamlik van Jakob en Esau.
- Die apostel Paulus het ook hierdie voorbeeld gebruik toe hy baie jare later aan die gemeente van Rome geskryf het oor die uitverkiesing.

Die Here laat hulle verstaan dat jy jou liefde uitdruk in baie besondere dinge wat jy vir iemand doen.

- Hy het juis so ’n besondere daad vir Israel gedoen!
- Hy het hulle verkies as sy volk.
- Hy laat hulle die saak onthou deur Jakob en Esau se geskiedenis weer in hulle geheues terug te roep.

Hierdie twee manne was tweelingbroers.

- Maar verder is daar uit hulle twee verskillende volke gebore.
- Die Here sê as ’t ware vir die volk daarmee: Onthou hoe verskillend Ek met die twee broers gehandel het, en dit was al die begin van my liefde vir julle, want julle staan vandag nog in die gevolge van daardie daad.

Heel eerste stel die Here die gelykheid van die twee broers:

Is Esau nie die broer van Jakob nie?

In hulle gedagtes het die hele volk wat na Maleagi gestaan en luister het, seker gesê: Ja, natuurlik.

Dan gaan die Here verder:

- Jakob het Ek liefgehad, maar Esau het Ek gehaat.
- Die Here het een broer verwerp.
- Die Here het die een wat Hy verwerp het, ook heeltemal laat val!

Hier word dinge genoem wat baie belangrik en ernstig is:

- God is vrymagtig.
    - Hy doen wat Hy wil en soos Hy wil en niemand kan Hom daarvoor tot verantwoording roep nie.

    - Met hierdie reg en almag van Hom beskik Hy oor die lotgevalle van volke.
- Reeds by stamvaders uit die baie vroeë geskiedenis het die Here sy uitverkiesing laat begin vorm aanneem. Hy het dit later in al die volke voortgesit.
- Die Here het dus aan die Israeliete vir eeue al sy liefde bewys, bloot in die feit dat Hy hulle uitverkies het.

In al hierdie dinge moet die uitverkorenes die liefde van God sien en dan ook belewe.

- Maar dit moet ook die effek hê dat dit die gelowiges aanspoor om God so volmaak te aanbid as waartoe hulle in staat is.
- By Israel het dit presies die teenoorgestelde effek gehad, want hulle wou van die Here weet wat Hy doen om sy liefde aan hulle te bewys.

Hulle maak ’n baie groot fout, want hulle kyk glad nie na hulle eie verantwoordelikheid nie.

- Hulle roep God tot verantwoording.
- Hy moet elke dag sy liefde demonstreer.
- Verder eis hulle hierdie demonstrasie van God as ’n voorwaarde vir hulle aanbidding.

Dit is waarom die Here nou verder vertel wat toe van Esau geword het nadat die Here hom verwerp het.

- Die Here het sy grondgebied (sy berge) ’n wildernis gemaak en veroorsaak dat woestynjakkalse sy gebied ingeneem het.

Vers 4 openbaar dat hierdie verwoesting oor die nageslag van Esau duursaam sal wees.

- As die Edomiete die plek gaan probeer opbou, sal die Here dit weer verwoes.
- Kyk net na die kontras wat die geskiedenis van hierdie saak gemaak het.
    - Juda se grondgebied is ook verwoes, maar dis weer opgebou!
    - Dit was nie soos die grondgebied van Esau aan permanente verwoesting blootgestel nie.

Die gevolge van God se uitverkiesing word in die geskiedenis van hierdie twee volke baie duidelik uitgebeeld.

- Die een vergaan bloot omdat hy nie genade by die Here kry nie.
- Die ander lewe voort juis omdat hy genade kry.

Kyk weer na die teksvers:

- Die Israeliete vra vir die Here waar Hy dan nou al ooit aan hulle sy liefde bewys het.
- Die antwoord is dat hulle net na die geskiedenis moet kyk.
    - Dan sal hulle sien dat net die feit dat hulle bestaan, preek dat hulle God se besondere genade alleen deur die uitverkiesing gekry het.

Die volk was ook maar baie skynheilig toe hulle wou weet waar die Here sy liefde aan hulle bewys het, want hulle het die Here nog al die tyd as hulle Vader bely.

Lees byvoorbeeld Eksodus 4:22, 23:

> **Dan moet jy vir Farao sê: So spreek die HERE: My eersgebore seun is Israel. Daarom beveel Ek jou: Laat my seun trek, dat hy My kan dien. Maar jy het geweier om hom te laat trek. Kyk, Ek sal jou eersgebore seun laat sterwe.** (Eksodus 4:22-23 AFR1953)

of Jeremia 31:9:

Hulle sal kom met geween, en met smekinge sal Ek hulle lei; Ek sal hulle bring by waterstrome, op ’n gelyk pad waarop hulle nie sal struikel nie; want Ek is vir Israel ’n Vader, en Efraim is my eersgeborene. (Jeremia 31:9 AFR1953)

Daar is meer plekke waar sulke uitsprake in die Ou Testament voorkom.

Dit bewys maar net die punt dat die Israeliete maar altyd geweet en geglo het dat die Here hulle Vader is.

- Maar dit onderstreep ook net die ondankbaarheid van die mense. Dis asof mens die Here hoor sê: *As julle dan My kinders is en Ek julle Vader, waarom is daar dan fout met ons verhouding, want julle eer My nie soos wat ’n seun sy vader behoort te eer nie.*

Die Here maak voorsiening daarvoor dat die verhouding al baie sleg kon geslyt het.

- Daarom sê Hy: Goed, sê nou maar julle is nie my seuns nie, maar my slawe, waar is dan die nodige vrees wat ’n slaaf vir sy heer behoort te hê?
- Dit is dus baie duidelik dat die beginsel wat hier gestel word, is dat die volk God verlaat het.
- Die res van die gedeelte maak dit duidelik dat hulle dit nie in ingrypende teologiese uitsprake gedoen het nie. Hulle het maar net in hulle daaglikse aanbidding begin slaplê.

Kyk na die voorbeelde:

- Hulle het blinde en lam diere kom offer, en hulle het gesê dat die tafel van die Here veragtelik is.
- Hulle godsdiens was so sleg dat die Here hulle uitdaag om die dinge wat hulle met Hom doen, met hulle goewerneur te gaan doen, en kyk of hy so geduldig met hulle gaan wees.

As ons nou teruggaan na die begin van die preek toe dan is die aanspraak van die preek ook op ons om nie skynheilig te maak asof ons glo, maar orals langs die pad sak ons uit omdat ons werke getuig dat ons aanbidding van die Here aan die dun kant is nie.

Die saak betrek ons baie skerp, want ons lewe nie meer in die Ou Testament nie.

- Ons lewe onder die verlossingsverbond van die Here Jesus Christus.
- In hierdie verbond leef ons alreeds as verlostes.
- Die Here het openlik sy verlossingsbeloftes vervul toe sy Seun gebore is, en ook later gekruisig is.

Maar saam met hierdie belofte dat ons nou as verlostes lewe, was daar ook telkens die uitdruklike opdrag dat ons aanbidding ons dankbaarheid vir hierdie verlossing moet bewys.

- Hierdie verlossing het ook onder andere daarin gerealiseer dat die Here Jesus ons verseker het dat God die Here deur die kruis nou ons hemelse Vader is.
- Hy het ons ook geleer om so te bid: Onse Vader!

Ons moet ook net besef dat die Here nie eendag nie – maar nóú – vra waar die eer dan is wat Hom toekom.

- Dis baie mooi om te praat oor God en oor geloof.
- Maar as ons mooi dink, dan is daar darem baie lelike dinge wat rondom ons gebeur.
- Dit is nie moontlik dat ons teen so ’n agtergrond die seën van die Here oor ons kan verwag nie.

Kykna ons eie toestand:

- Ons worstel om vorentoe te kom in ’n land met leiers wat soms nie die verskil tussen hulle linkerhand en hulle regterhand ken nie.
- Ons worstel teen ’n ekonomie wat sukkel.
- Armoede het al in ’n hele paar van ons eie gemeentelede se huise ingekruip. In elk geval moet almal van ons die rieme stywer trek!
- Dit het ook ’n uitwerking op ons kerk, want ook ons kerkfinansies sukkel meer as in die verlede!

Die fout vir al hierdie dinge is nie daar ver in die wêreld en in die politieke kringe nie.
- Die fout vir al hierdie dinge is in ons eie harte.
- Ons verhouding met God is versteur omdat ons nie reg glo nie, en ook nie genoeg glo nie.

Die Here maak nie ’n geheim van sy toekomsplanne met sulke mense nie. Die res van die boek Maleagi vertel ondubbelsinnig van die Dag van die Here.
- Hierdie eerste deel van die boek vertel van die liefde van die Here – die laaste deel van die oordeel.
    - Die eerste deel handel oor die liefde van God wat mense en volke verander en hulle seën.
    - Die laaste deel vertel dat niemand die Dag van die Here kan verdra nie (3:2).

As die Here na ons moet kyk soos wat Hy na die ou Jode gekyk het, het ons dieselfde moeilikheid as hulle.
- Maar tussen ons en hulle het die Here ’n baie groot verskuiwing in die geskiedenis van mense aangebring.
- Omdat die Jode die Here Jesus verwerp het, het Hy die dissipels na die heidenvolke toe gestuur met die opdrag dat hulle dissipels gemaak moet word en in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoop moet word.

So het ons ook in die ligkring van die Here Jesus se genade gekom.
- Sy kruisdood was juis dat ons in sy genade uitgebreek is uit dinge waaroor die Here die Jode verwyt – dinge soos ongeloof en geloofstraagheid en geloofsverwardheid.
- Ons is reeds saam met die Here Jesus deur die smeltoond.
- Ons is klaar van sondes gereinig.

Laat ons daarom nie swak gelowig lewe totdat ons in die ellendes van die laaste oordeel beland nie – ons is juis deur die Here Jesus daarvan verlos.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 89:1, 11 (p. 444)

1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos ’n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewge guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

11 Hy sal dit uitroep: HEER, U is my Vader trou, / my God, my Rots van heil waar ek alleen op bou.
Hy is vir My ’n seun tot hoogste rang gebore, / wat Ek tot koning van die konings het verkore.
Vir hom bly my verbond vir altyd vas en stewig, / my goedertierenheid bewys Ek hom vir ewig.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 11 April 2010